higher education & training

Department:
Higher Education and Training
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

NASIENRIGLYN

NASIONALE SERTIFIKAAT

INLEIDENDE MODETEKENINGE N4

14 November 2022

Hierdie nasienriglyn bestaan uit 5 bladsye en 1 addendum.

DRUK IN KLEUR

Kopiereg voorbehou

AFDELING A

VRAAG 1

1.1 **Produksietekening – Dogtersrokkie:**

- Plat tekening, in proporsie (slegs vooraansig)
- Geen figuurlyne, tekstuur en kleur
- Korrekte benoeming
- Rokontwerp detail dieselfde as tekening
- Netheid, swart fynomlynpen gebruik (10)

1.2 **Korrekte gebruik van gesplete komplimentêre kleurskema** (verwys na die kleurwiel) in ADDENDUM A (aangeheg) vir moontlike kleurskemas.
Gesplete komplimentêrekleurskemas korrek: 3 punte
Gesplete komplimentêrekleurskemas nie korrek: 0 punte

Tegniek met gebruik van kleurmedium
Uitstekend: 6-7 punte
Bo-gemiddeld: 4-5 punte
Gemiddeld: 3-4 punte
Onder-gemiddeld: 2-3 punte
Swak: 0-1 punte (10)

1.3

- Vertikale lyne
- Horisontale lyne
- Diagonale lyne
- Geronde lyne
- Dominante lyne (5)

[25]

VRAAG 2

2.1 Mode-illustrasie word gebruik in plakkate en advertensies.✓ Dit is ń baie los tekenstyl✓. Dit verduidelik nie die detail van ń kledingstuk nie.✓ Dit wys aan die klient die soort kledingstukke wat die vervaardiger verskaf.✓ Dit word meestal deur ń mode-illustreerder gedoen.✓ Lettertipe speel ń belangrike rol in bv. etikette ens.✓ (Enige 5) (5)

2.2 2.2.1 Eenheid ('Unity') (1)

2.2.2 Harmonie word bereik wanneer al✓ die fundamentele elemente (lyn, vorm kleur en tekstuur)✓ gebruik word om ń enkele konsep/tema ✓ uit te druk✓.

OF

Harmonie word bereik wanneer elke deel✓ van die ontwerp, (insluitend die kledingstukke, bykomstighede, juwele, haarstyle en grimering) ń enkele tema uitdruk✓ wat konsekwent is met die persoonlikheid van die draer✓ van die kledingstuk en die plek waarheen dit gedra gaan word✓. (Enige 4) (4)

2.3
- Formele/simmetriese balans
- Informele/asimmetriese balans
- Radiale balans ('radial balance') (Enige 3) (3)

2.4 **Groot kind – Vooraansig**
- Plasing van die kop in deel 1 en vorm korrek geteken
- Nek net bo die boonste helfte van deel 2
- Skouers net bo die middel van deel 2
- Middellyf in die middel van deel 3
- Heup in die middel van deel 4
- Knieë op die onderste lyn van deel 5
- Voete op die onderste lyn van deel 7
- Korrekte benoeming en nommering (8)

2.5 Analoë kleurharmonieë is wanneer kleure reg langs mekaar geplaas is op die kleurwiel en het een kleur in gemeen; is gekombineerd bv. rooi-oranje, oranje, en geel-oranje. (Verwys na ADDENDUM A (aangeheg) vir ander moontlike antwoorde). (4)

[25]

TOTAAL AFDELING A: 50

AFDELING B

KRITERIA VIR MOONTLIKE PUNTE:

MOONTLIKE PUNTE:	5	10
UITSTEKEND (meesterlik, onverbeterlik)	5	9–10
BO-GEMIDDELD (suksesvol maar nie indrukwekkend nie.)	4	7–8
GEMIDDELD (suksesvol maar nie indrukwekkend nie.)	2–3	4–6
ONDERGEMIDDELD (Meer probleme as suksesse,min insig in kreatiewe moontlikhede)	1	2–3
SWAK (ongemaklik, nie in beheer van die situasie nie, min insig)	0	0–1

VRAAG 3

3.1 **Plat tekening – Damesromp (Heupstuk met middellyfpylnate en mesplooie, reguit middelband.**

- Plat skets, in verhouding (vooraansig)
- Geen figuurlyne, tekstuur of kleur
- Korrekte benoeming
- Ontwerpspesifikasies ingesluit en korrek geteken..
- Netheid, swart fynomlynpen gebruik

(50)

3.2 **Produksietekening - Damesbloes (kontoerpylnate, MV knoopopening met aparte knoopstrook, skouerstuk, hempsmou met mouboordjie en mandarynkraag).**

- Plat skets, in verhouding (vooraansig)
- Geen figuurlyne, tekstuur of kleur
- Korrekte benoeming
- Ontwerpspesifikasies ingesluit en korrek geteken.
- Netheid, swart fynomlynpen gebruik

(25)
[75]

VRAAG 4

4.1 **Plakkaat vir ń modeparade van somersdrag vir kinders**

- Interessante naam: Tema (titel) – Plasing, lettertipe en spasiëring
- Kort beskrywing – duidelik en maklik om te lees
- Adres – enige adres waar die speelsentrum geleë is.
- Datum - en duidelik
- Koste – enige bedrag
- Uitleg – duidelik en maklik om te lees

Sluit ń voorleggingskets van klein dogtertjies in kleurvolle somersuitrustings:

- Voorleggingskets-vereistes nagekom
- Tekentegnieke van uitrustings (DRIE uitrustings, slegs vooraansigte)
- Volkleur, gebruik en keuse van kleurmedium (tegniek en materiaaltekstuur)
- Netheid, professionele voorlegging

(50)

4.2 **Vroulike figuur – ¾ aansig, staan op beide bene, regterhand op heup**

- Plasing van kop in deel 1; kopvorm korrek geteken
- Nek in die boonste helfte van deel 2
- Skouers in die middel van deel 2
- Middellyf of onderste lyn van deel 3.
- Kruis op ondderste lyn van deel 4
- Knieë op onderste lyn van deel 6
- Enkels op onderste deel van deel 8
- Voete onder onderste lyn van deel 8
- Tekenvermoë
- Plasing van gewrigte
- Korrekte benoeming

(25)
[75]

TOTAAL AFDELING B: 150
GROOTTOTAAL: 200

Kopiereg voorbehou

ADDENDUM A

Gesplete komplimentêre kleurskema – bv, rooi, blou-groen en geel-groen. (Enige korrekte gesplete kleurharmonie word aan punte toegeken.



Kopiereg voorbehou